EFFICIENT GROUP

Damaskus-oomblik oor begroting nodig

Oor minder as twee weke lewer die minister van finansies die jaarlikse begrotingsrede.

Sonder twyfel is die begroting een van die finansiële hoogtepunte van die jaar, maar vanjaar se begroting sal anders wees – om verskeie redes.

Om mee te begin: Ons weet nie wie die minister van finansies gaan wees nie, ons weet nie eens wie die president gaan wees nie.

Die rede vir die huidige minister, Malusi Gigaba, se aanstelling was pres. Jacob Zuma se poging om ook die tesourie te kaap en sekerlik nie Gigaba se finansiële talente nie.

Om die waarheid te sê, die mediumtermynbegrotingsraamwerk in Oktober was maar ’n droewige spul, met Gigaba wat ooglopend ’n leemte het in sy begrip van en insig oor fiskale beleid. Die probleem is dat die meeste waardige kandidate as minister van finansies, soos die voormalige minister, Nhlanhla Nene, nie meer beskikbaar is nie.

Gevolglik kan Pravin Gordhan weer teruggeroep word omdat hy, verkeerdelik, nogal aansien geniet. Dit was terloops onder Gordhan dat die staat se finansies ’n doodskoot gekry het! Maar wie ook al die volgende minister gaan wees, het ’n amper onmoontlike taak. Die probleem is dat die staat te veel geld bestee, terwyl daar druk op hom is om selfs meer te bestee. Staatsamptenare eis weer onrealistiese verhogings, maar belangriker is dat die omvang van die Eskom-ramp eers onlangs duidelik geword het.

Sonder die staat se hulp sal Eskom nie finansieel kan oorleef nie, terwyl ’n spul ander staatsbeheerde instellings in ’n soortgelyke bootjie is.

Hierdie hulp kan in die vorm van regstreekse oordragte geskied of by wyse van verdere waarborge, wat die staat se finansies verder in die rooi sal druk.

Verder is daar nog Zuma se belofte van “gratis” hoër onderwys wat ook op ’n manier gefinansier moet word.

Intussen is die inkomstekant van die begroting ook aan die wankel.

Een goeie ding wat Gigaba gedoen het, is om te erken dat die staat se inkomste onder druk is, maar dit beteken dat die staat op ’n manier sy inkomste weer moet aanvul en belastingverhogings is die voor die hand liggende oplossing.

Daar is maar min twyfel dat ’n spul belastings en belastingkoerse regstreeks of onregstreeks verhoog gaan word. Fiskale sloer is ’n gewilde manier om persoonlike inkomstebelasting skelmpies te verhoog terwyl die brandstofheffing, sondebelastings en dies meer ook verhoog sal word.

Die moontlikheid bestaan selfs dat BTW op brandstof ingestel kan word en die gewraakte suikerbelasting gaan waarskynlik uiteindelik sy opwagting maak.

Dit is egter ’n moontlike verhoging in BTW wat die meeste aandag sal trek. BTW is die enigste opsie wat ’n noemenswaardige ekstra inkomste vir die staatskas sal meebring.

Die probleem is dat dit ’n regressiewe belasting is en dus ongetwyfeld tot baie openbare weerstand sal lei. Gevolglik kan ’n gedifferensieerde BTW-koers, waar verskillende koerse op verskillende goedere van toepassing is, ingestel word – wat net die belastingstelsel nog meer gekompliseerd en duur sal maak.

Wie ook al ons volgende minister van finansies gaan wees, het ’n groot uitdaging. Druk om meer te bestee aan personeel, onderwys, staatsbeheerde instellings ensovoorts, tesame met die feit dat die staat se inkomste onder druk is, skets ’n besondere donker prentjie.

Intussen het die staat se skuld die afgelope paar jaar teen so ’n tempo gestyg dat rente op staatskuld tans die snels groeiende uitgawe-item is.

Al wat hierdie spulletjie nou kan red, is ’n ideologiese Damaskus-oomblik en besondere sterk leierskap. Staatsbates moet verkoop word om skuld af te los, besteding aan amptenare, gesondheid en onderwys moet gevries of uitgestel word, en maat reëls moet ingestel word om die ekonomie aan die groei te kry. Indien nie, sal die staat se finansies self binnekort ineenstort, wat die Eskom-gemors soos ’n piekniek sal laat lyk.

Die proses om van Zuma ontslae te raak, is besig om momentum te kry. Ongelukkig bly sy nalatenskap, en verdere afgraderings lyk onvermydelik. Dalk is dit dié keer te laat.

Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group. Kontak gerus vir Dawie op **dawieroodt@efgroup.co.za**

Vrywaring: Alhoewel alle maatreëls getref is om die akkuraatheid van die brosjure-inhoud te verseker, aanvaar die Efficient Group Bpk. geen aanspreeklikheid vir enige weglatings of of foute hierin vervat nie. Die inhoud van hierdie dokument moet nie as finansiële advies beskou word nie. Efficient Group Bpk. behou die reg om die inhoud van hierdie dokument sonder vooraf kennisgewing te verander.